


KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 158 12 April 2019

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Paasfees

Volgende Vrydag sit ons in sak en as terwyl ons ons eie sondes bely en die Here Jesus se offerdood aan die kruis gedenk. Sondag gaan ons jubel oor die oorwinning oor die dood. Dit is nou diegene wat in die erediens gaan wees.

Paasfees is meer bekend vir ander temas, veral in die media. Dit is vreemd genoeg in 'n land waar 79% van die bevolking self-identifiseer as Christene. Tussen die Paashaas en padsterftes is daar nie veel tyd of ruimte vir nuusberigte om aan die eintlike rede vir hierdie internasionale geleentheid aandag te gee nie. Die datum vir die viering van die geleentheid verskil tussen die Weste en die Ortodokse kerk. Die datums het in 2017 saamgeval en sal eers weer in 2025 saamval. Die Weste en die Ortodokse datums vir Paasnaweek verskil hierdie jaar met net 'n week, maar het in 2016 met meer as 'n maand verskil. Hierdie verskille in datums word skaars genoem. Nog minder word die ware Christelike aard van Goeie Vrydag en Paassondag bespreek.

Oor padsterftes sou ons baie statistiek kon aanhaal. Die RSA is inderdaad die land wat die meeste padsterftes in verhouding tot bevolking het - amper 14 000 mense sterf jaarliks, uitgedruk as 30 per 100 000. Ons

kan baie getalle gaan opdiep. Soos dat ongeveer 77% van mense wat in ongelukke sterf manlik is, 79% van noodlottige ongelukke die swart bevolking tref, dat 38% van padsterftes se slagoffers nie eens in 'n voertuig was nie (voetgangers). Ons sou kon wonder- en spekulêr oor die impak van die feit dat mense tussen ouderdomme 25-39 nagenoeg 50% van padsterftes uitmaak. Ons kan praat oor die feit dat die aantal passasiers per voertuig afneem, 2010 se 184 padsterftes oor die Paastyd vergelyk met 2018 se 510. Ons sou kon wys op die feit dat padsterftes op 'n maand tot maand vlak dwarsdeur die jaar op amper dieselfde vlak is, met November en Desember as die maande wat meer padsterftes oplewer. Ons kan daarvoor wonder waarom amper 48% van padsterftes Saterdag en Sondag plaasvind. Ons sou die ratio van BBP teenoor padgebruik, aantal voertuie en ongelukke vergelyk. Ons sou sinies die veldtogte kritiseer deur daarop te wys dat die media se fokus verkeerd is, soos blyk uit die feit dat 2.2% van padsterftes die gevolg van moegheid is, 3.6% na aanleiding van drank en dwelmgebruik is terwyl 7% van sterftes die gevolg is van mense wat teen aankomende verkeer in verbyhaal, en tref-en-trap ongelukke 15% van sterftes verteenwoordig. Wat van die meer as 150

biljoen (R150 000 000 000 000) rand wat ongelukke die land kos?

Oor die Paashaas kan net soveel gepraat word. Hy is meer gewild en bekend as my Verlosser aan die kruis. Die sjokolade bedryf het 'n jaarlikse totale waarde van 3 biljoen rand. Daar is drie seisoene waartydens die verkope van sjokolade rekord hoogtes bereik, te wete Kersfees, Valentynsdag en Paastyd. Paaseiers en sjokolade bederfies trek meer aandag as wat die vloekhout of die leë graf doen.

Die swak ekonomie en die feit dat die April vakansie hierdie jaar in Maart was, saam met die feit dat die Paasnaweek nie in die vakansie val nie, laat mens tog wonder. Gaan daar hierdie jaar meer mense in die kerk wees as ander jare? Diegene wat dit nie kan bekostig nie, blameer gewoonlik geen kategese en die wat weg is vir die leë kerke. Dit is verstommend om in konsistorie boeke bywoning getalle na te gaan. Kersdag se erediens word gekenmerk deur stampvol kerke. Dit gebeur terwyl die belangrikste twee dae op ons kalender deur gelowiges afgeskeep word.

Ek sou graag die statistiek van geld spandeer aan Paassjokolade wou vergelyk met deurkollektiegeld. Ek sou graag die weggesteekte eier soektog teen die soektog na lidmate in die kerkbanke oor Paastyd wou afspeel. Hoeveel ouers lei kinders entoesiasies erediens toe teenoor die hoeveelheid ouers wat sjokolade koop en wegsteek? Hoeveel voller is die kusdorpe se kerke Paastyd in verhouding tot die okkupasie van oorde en hotelle? Soveel vrae, soveel verwyte wat geslinger kan word.

Ek wil kies om positief af te sluit. Kom ons word wat ons is - Christene. Kom ons vier Goeie Vrydag en Paassondag met die

nodige erns en op die regte plek - in die erediens. Kom ons leer ons kinders die waarheid wat bevry, die waarheid van 'n sekerheid dat die prys van sondes betaal is en die ewige lewe vasgemaak is. Die prys van ongelukke en sjokolade kan maar styg, die volle prys vir my sonde is betaal. En daardie ewige lewe duur baie langer as die sjokolade wat in die vetrolletjies gaan kaperjol.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

TEOLOGIESE OPLEIDING

Die volledige skrywe van die Kuratorium word hier geplaas.

Geagte lidmate

Tot nou toe is tersiêre instansies genader met die versoek om ons Bond se toekomstige predikante op te lei. Dit het gepaard gegaan met die versoek dat die instansie(s) ons die vergunning sou toestaan dat sekere leerinhoud deur ons eie akademici aangebied mag word. Die versoek(e) het egter nie die gewenste resultaat gelewer nie. Die Kuratorium, na gesprek met die predikante by die afgelope predikante beraad, het besluit om self 'n leerplan, op honneursvlak, vir ons toekomstige teologiese studente saam te stel. Op hierdie wyse kan die GHG se teologiese oortuigings inspeel op die inhoud wat bepaal word. Die leerplan sal so opgestel word dat dit aan SAQA se standaarde voldoen. Hierdie leerplan sal ook aan tersiêre instansies (plaaslik en internasionaal) aangebied word vir akkrediasie. Op dié manier kan ons predikante in ons teologiese idioom opgelei word. Voornemende teologiese studente kan 'n algemene BA (wat aan die vereistes soos gestel deur die Kuratorium) by enige

universiteit verkry, en daarna sal die teologiese opleiding deur ons eie akademië en predikante behartig word. Om ons beplande leerplan, na vorm, daar te stel, maak ons van die kundigheid van mev. Anke du Plessis gebruik. Sy het haar honneursgraad (met lof) in Grieks verwerf, en is op hoogte met die vereistes wat SAQA daarstel vir die inkleding van 'n tersiêre leerplan. Ons akademië en predikante sal gemoeid wees met die inhoud van die leerplan. Graag wil die Kuratorium dit dan ook hier vermeld dat Anke, terwyl die opleidingsgeleentheid by ánder Suid Afrikaanse tersiêre inrigtings in 'n doodloopstraat begin beland het, die stimulus gebied het aan ons besluit. Die Kuratorium wil van alle akademiese kundiges in die Bond gebruik maak. Daarom wil ons so gou doenlik 'n databasis opstel van alle kundigheid tot ons beskikking. Predikante, lidmate en ander belanghebbendes wat oor 'n relevante meestersgraad beskik, en wil meewerk aan hierdie projek, word versoek om so gou moontlik met dr. Johan Otto in verbinding te tree by sy e-posadres: johan.otto@geloofsbond.org.za. Ons eerste sperdatum vir daadwerklike begin van die leerplan-opstel is reeds DV die einde van April hierdie jaar. Ons versoek aan u is om asseblief so gou moontlik hierdie skrywe in u gemeente bekend te maak. Daar bestaan by ons as Kuratorium 'n groot opgewondenheid om hierdie pad te begin loop. Ons hoop dat u met entoesiasme ons hande sal neem. Ons wil egter uit die staanspoor elke gemeente en ouerhuis dit op die hart lê om tog ons kinders, wat dit enigsins sou oorweeg, aan te moedig om die Bediening van die Woord as lewenswyse te oorweeg. In die tyd waarin ons leef vra die

oorweging om in die amp as predikant te dien, inderdaad 'n ernstige nadenke. Die Kuratorium sal egter baie graag met enige iemand, jonk of oud, wat die Bediening oorweeg, in gesprek wil tree en moontlikhede bespreek wat die Bedieningsamp 'n mooi vooruitsig mag maak.

Vriendelike groete,
Die uwe, Oudl. Pieter Geysers
Sekretaris: Kuratorium

KOSTER EISBEINFEEES

Dit was Donderdag, 4 April, die dag voor ons grootste fondsinsamelingsprojek van die jaar. Dit reën katte en honde. In Koster meet ons 'n dankbare 70 mm. Op die fees groep is gevra: "wat gaan ons doen as dit reën julle?". Die boere antwoord: "Dan lag en dans ons in die reën, ons vier fees, want die lieven Heer het ons nog altyd mildelik geseën met reën."

Vrydag lyk die weer nog steeds dieselfde, maar niemand is gedemp nie. Almal werk hard om stalletjies en werkstasies gereed te kry in die modder. Die hare hang toutjies, die broeke is vol modder spatsels en die modder klonte klou aan diegene se voete vas wat nie iets soos 'n paar NWK gum boots besit nie.



Die groot fees 2019 breek aan. Dit word op gepaste wyse geopen en om 07:00 nm tree Steve Hofmeyr op. Wat 'n ongelooflike optrede van so 'n besondere kunstenaar. Die 45 minute word uitgereken na 'n uur en 'n half vertoning, wat elke feesganger in 'n patriotiese stemming laat. Ons sing "Die Land" en sommer Die Stem ook. Tot laatnag word daar gekuier.



Dou voor dag, Saterdag, is almal weer gereed en die registrasies vir die Roetedraf en Bergfiets kompetisies skop af. Deelnemers en toeskouers kon die oggend inwag met koffie en pannekoek. Die dag draai uiteindelik pragtig uit, maar die modder kluite bly lastig, dit kleef aan alles wat 'n bewegende deel van 'n fiets is, vas. Dit is so uitmergelend dat net 5 deelnemers die 50 km roete kon klaarmaak. Die deelnemers het dit in goeie sportmangees so aanvaar. Die Pret-draf was 'n groot sukses en belooft

om in die toekoms nog groot belangstelling te trek.

Die res van Saterdag, was een ongelooflike fees. Meer as 'n 1 000 Eisbeins is verkoop en byna 500 hoenderburgers. Dan het die pap en kaiings en ons eie boerewors rolle baie aftrek gekry.

Die sussies het hulle eie stalletjie gehad met die "Boerin" produk wat hulle geskep het. Dit was uiters professioneel ontwikkel en bestuur. Verskillende en interessante ingelegde produkte, konfyte, tuisgemaakte koekies en beskuitie in die mees keurigste verpakkings is te koop aangebied.

Ander uitstallers wat stalletjies by die fees gehuur het, het skilderye, leerhandsakke, kinderklere en –speelgoed, olywe, heuning, verskillende tomatie produkte en vele ander items verkoop.

Teen 18:00, Saterdagmiddag het Monique Steyn die feesgangers met haar stem trakteer. Daarna het Elizma Theron opgetree, gevolg deur Nicholis Louw. Die optredes is deur ieder en elke feesganger terdeë geniet.



2019 se Eisbeinfees was 'n reuse sukses. Die opmerking van een van die feesgangers: "julle slaag daarin om 'n atmosfeer van 'n Aardklop en Innibos fees te skep", spreek boekdele en is 'n pluimpie.

So 'n fees is maande se harde werk, baie fyn beplanning, begroting en raakvat. Vir ons lê die grootste waarde in dit wat geld nie kan koop of statistieke nie kan meet nie – dit is om liggaam van Christus te wees: om as gemeente, elkeen met sy eie gawe en talent saam te kan werk vir ons gemeente. Baie dankie dus aan oud en jonk in ons gemeente wat alles gegee het, wat hard gewerk het en met vriendelike gesigte feesgangers gehelp en bedien het.

Die belangrikste, dankie aan ons Hemelse Vader, wat ons weereens mildelik geseën het om Sy kudde te kan wees.

DS OOSTHUIZEN BETER

In hierdie selfde berig waarin ons Bondslidmate moet meedeel dat ds. Frans Oosthuizen van Meyerspark 'n hartaanval gehad het, kan ons berig dat hy na die plasing van 'n stent soveel herstel het dat hy reeds ontslaan is en tuis aansterk. Ons smee- en dankgebede gaan na ons Vader vir hom en sy gesin. Drie hartaanvalle in sewe maande - ds. Visser, ds. Alberts, ds. Oosthuizen - sorg mooi vir jou predikant

DIE OORD PV3 KARNIVAL

Die Oord PV3 se jaarlikse karnaval vind plaas op 13 April 2019 (sien advertensie onder aan Koersvas. Daar gaan verskeie stalletjies wees: Kos, Pannekoek, Poeding, Tuis-nywerheid, Plaasstal, Wit Olifant, Tombola, Musiek, Foto's, Koeldrank, Koffie & tee, Spookasem en Springmielies Toegangsfooi per voertuig - R20.00 Olyfolie sal beskikbaar wees – R160.00 per liter <https://maps.app.goo.gl/s1MWz>

BONDSVERGADERING 2019

Die Bondsvergadering vind hierdie jaar 8-10 September te Premiermyn (in Cullinan)

plaas. Maak seker dat u datums beplan en reëlings (vervoer en behuising) getref is. Meer inligting insake akkommodasie en die program volg ...

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/> Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld ! Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek - naby hospitaal en besighede- Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers Etes en wasgoed op afspraak Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney** Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 aui@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

STEVE EN VRIENDE



VLEISRAS
LANDRAS

1/2 OF HEEL VARK TE KOOP

PRYS: R40 p/kg

DATUM VAN AFLEWERING: Sal deurgegee word sodra bestellings voltooi is

AFLEWERINGSPUNT: Pretoria soos ooreengekom

BETALING: EFT

BEPERKTE VOORRAAD

9 beskikbaar tussen 50- en 70kg of halwe
tussen 25- en 35kg

7 beskikbaar slegs heel tussen 28- en 35kg

**ONDERSTEUN JOU
SAK EN DIE BOER
&
BESTEL DIREK VAN
DIE BOER**

Varke word opgesaag
soos versoek!



**PLAAS BESTELLING BY
RONÉL SELNO. 0827873680**

Hervormde Gemeente Vrede

Voël jag ter waarde van R9 000 - 3 jagters

Pryse is nie verhandelbaar of oordraagbaar nie.

Die beoordelaars se beslissing is finaal.
Trekking vind plaas op 15 Junie 2019

JAGPAKKET:

19-20 Julie 2019

*Akkennomodisie by Waterfront
Gastehuis te Emantzini, Vrede*

1ste Prys: Tarentale
Fisante
Patryse

2de Prys: 1 Blesbokkarkas

3de Prys: Slagvark



BANKBESONDERHEDE:

Hervormde Gemeente Vrede
Standard Bank

Tjek 042096030

Vrede 051 001

Verwysing: Naam, Van en selnr.

Stuur bewys van betaling na
ernst.bosveld@gmail.com

Ernst Lombard: 082 645 1343

R200 per kaartjie



DIE OORD PV3

KARNAVAL
CARNIVAL

13 APRIL 2019
09H00 - 14H00

*is 'n Finansieringsprojek
ten bate van intellektuele
gestremde volwassenes.*

VERSKEIE STALL FT. JES
POTJIEKOS
PANNKOKK
POEDING TAFEL
KOELDRANK
TEE EN KOFFIE
TIEBENVOYED
PLAASSTAL
VERSKEIE STALL FT. JES
WIT OUFANT
FITTELHEID
TRAPPARRE
SKATTEJAG

*A Fundraising project
in aid of intellectual
disabled adults.*

VARIOUS STALLS
"POTJIEKOS"
PANCAKES
PUDDING
SOFT DRINKS
TEA AND COFFEE
HOME INDUSTRY
FARM STALL
VARIOUS GAMES
WITTELHEID
PHOTO BOOTH
PEDDLE CARS
TREASURE HUNT

Kontak/Contact
tel) 081 285 0750/0752
(1) 012 285 0750/0752
[w] www.dieoordpv3.co.za

R513 Hartebeespoortdam
25°42'09.2"S 27°51'09.1"E
R20

